DIE LOUWTJIE
Skoolkoerant van die Laerskool Louw Geldenhuys Mei 2026 Uitgawe 9

# Graad -jie, parrabeentjie

Die graad 1's is nou al behoorlik deel van die Louwtjie-familie. **Anya Pretorius** en **Amelia Uys** het vir so 'n paar graad 1's gevra wat hulle gunsteling deel van die laerskoollewe is.



"Dis vir my lekker om saam met my maats netbal te speel."
**Anika Roos**



"Die rugbyveld is vir my die beste deel van die laerskool!"
**Ruben Kirsten**



"Dis vir my baie lekker om tennis te speel en ek hou van my juffrou."
**Hanna Killian**



"Vir my is die lekkerste deel om met my maats te speel. Dit maak my altyd baie gelukkig."
**Hugo Opperman**





"Alles is baie nuut en lekker. Ek hou baie van die snoepie."
**Emily Voerie**



"Ek hou die meeste van die snoepietannies."
**Alexander Spruit**



"Die nuwe interessante werk is vir my baie lekker."
**Savannah Nagel**



"Ek hou baie daarvan om te speel! Ons werk elke dag baie hard."
**Samuel Blake**

# As Louwtjies kon kies...

Waarvan hou kinders in die seniorfase baie en waarvan sou hulle eerder wou vergeet? Wat behoort ouers en onderwysers oor graad 4's tot 7's te weet? **Isabella Verwey** het so paar leerders van graad 4 tot 7 met vrae oor alles en nog wat gepeper*.

## Hulle sê hul sê



**Beyers Hoek, graad 4**



**Lente van den Berg, graad 4**



**Emma Miller, graad 5**



**Thomas-Henry van Jaarsveld, graad 5**



**Emma Oosthuizen, graad 6**



**Stefan van Reenen, graad 6**



**MJ Steenkamp, graad 7**



**Heili Vorster, graad 7**



**Luan Lubbe, graad 7**

## Van watter skoolvak sal jy vir ewig ontslae wou raak?

**Beyers:** "Net Wiskunde slaag die toets, andersins kan skool maar vir altyd toemaak!"

**Lente:** "Engels, want dit is nie opwindend nie."

**Emma:** "Geografie, want jy moet goed uitwerk op kaarte."

**Thomas-Henry:** "Daar is 'n paar, maar definitief NW, want dit is te veel werk."

**Emma O:** "LV, want meneer is te streng en die werk is nie lekker nie."


**Stefan:** "SW, want ons kan net Google wat gebeur het en ons gebruik nie meer fisiese kaarte nie."

**MJ:** "Afrikaans, dit is my huistaal, hoekom moet ek dit leer."

**Luan:** "EBW, want dit is vervelig, te tegnies en moeilik om te verstaan."

**Heili:** "Geskiedenis, *want let the past be the past*."

## Opname: As jy vir die res van 2026 net een ding kon eet...






* Onthou asseblief die antwoorde is tong-in-die-kies.

## Vraag 3: Wat wens jy het grootmense beter verstaan oor kinders van jou ouderdom?

*As 6/7 maar al was wat julle nie verstaan het nie...*

**Beyers:** "Hoe ons praat – *mah-bad.*"

**Lente:** "Dit is lekker om afwesig te wees."

**Thomas-Henry:** "Ons het altyd meer snoepie-geld nodig."

**Emma:** "Ons wil besig bly en dinge sien."

**Stefan:** "Mens kan nie 'n *online game pause* nie."

**MJ:** "Ons is nie elke dag gelukkig nie."

**Luan:** "Om goed te doen beteken 80% nie 100% nie."

**Heili:** "Ons is net kinders en maak foute."

**Emma:** "Ons het troeteldiere nodig."






## Wie is jou gunsteling onderwyser en hoekom?



**Beyers:** "Meneer Philip – hy maak grappies en *coach* rugby."



**Lente:** "Juffrou Esri – sy is geduldig en slim."



**Thomas-Henry:** "Meneer JC – hy is baie snaaks en rig rugby af."



**Emma:** "Juffrou Elriesa – sy kom van Hartenbos en ons kamp daar."



**Stefan:** "Meneer Dillan – hy is net *nice.*"

**Luan:** "Meneer Dillan – hy is net die beste."



**MJ:** "Juffrou Tina – sy is *nice*, nie so streng nie en raas nie die heeltyd nie."

## WOORDSOEK


VIND DIE WOORDE

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | E | G | A | H | V | S | K | R | P | M | C | N | N | K | U |
| O | A | R | S | J | L | G | U | S | B | E | S | M | N | D | S |
| N | A | L | S | K | O | O | L | B | C | N | P | D | E | F | G |
| E | H | I | E | J | K | L | T | M | N | S | O | P | Q | R | S |
| T | T | V | U | N | W | Y | U | X | Y | E | R | U | G | B | Y |
| B | Z | S | Z | F | T | L | U | E | U | R | T | R | E | N | O |
| A | E | K | L | L | A | Y | R | H | E | E | Y | R | E | O | S |
| L | A | A | N | N | E | L | N | O | V | G | E | E | S | S | V |
| T | T | A | S | H | J | S | Y | S | C | T | N | N | V | S | G |
| O | U | K | U | N | S | A | V | N | D | E | G | H | A | X | X |
| E | D | G | H | K | E | X | K | R | Z | A | Z | G | N | K | K |
| R | E | D | E | N | A | A | R | S | N | I | G | X | G | D | D |
| O | N | D | E | R | W | Y | S | E | R | S | W | W | F | A | N |

- skool
- valentynsdag
- netbaltoer
- rugby
- onderwysers
- geesvang
- redenaars
- kultuur
- sport
- menseregte
- skaak
- kuns

**Help hierdie gawe Louwtjie-outjie om sy 'Llego'-blokkies af te lewer.**







# Superster sprekers se redenaarswenke

*Die Louwtjie* se **Noag Kriel** het met 'n regte verhoogster gesels. Sy is in graad 6, haar naam is Catherine Ackroyd en sy weet presies hoe om 'n gehoor te laat luister. Noag het haar het hierdie ervare redenaar gevra om so paar van haar beste redenaarswenke te deel.

Vir Catherine Ackroyd is die verhoog soos haar tweede huis en sy vertel dit was nog altyd haar passie om voor mense op te tree.

"Om mense te laat lag is maar net vir my 'n tweede natuur," sê sy.

Catherine was verlede jaar die graad 5-wenner van die streeks-redenaarskompetisie. Sy het ook individueel en as lid van 'n span aan die interskole redenaarskompetisie deelgeneem en 'n string A++-sertifikate by die Drama-eisteddfod losgeslaan.

Boonop beklee sy al vir twee jaar die nommer twee posisie in Suid-Afrika vir ritmiese gimnastiek en sy doen ballet. Dan maak sy nog tyd vir tennis, hokkie, netbal en swem ook.

## Wenke vir redenaars

Vandag klets ons oor redenaars. Catherine deel haar praktiese raad wat enige Louwtjie kan inspan vir klas-praatjies, of vir kompetisies.

Catherine sê **sy kies gewoonlik redenaars-onderwerpe waarvan sy reeds baie weet, want dan praat mens sommer baie makliker**!

Wat is haar se raad vir skoenlappers in jou maag as jy voor die klas moet




praat?

Sy sê **jy hoef nie te stres nie**.

Ontspan net, drink 'n bietjie water en haal diep asem. Die belangrikste ding is om die ervaring te geniet, want dan geniet die mense wat na jou luister dit ook. En onthou om natuurlik te probeer praat."

Dit lyk dalk na baie werk om 'n hele toespraak uit jou kop uit te leer, maar Catherine het 'n slim plan. Sy **maak klein kaartjies met kort paragrawe op elke kaartjie**. Sy lees dit dan so twee of drie keer oor tot dit in haar kop vassteek.

Volgens Catherine moet **jy jou gehoor dadelik intrek met jou heel eerste sin**. "Jy moet 'n baie sterk inleiding hê om aandag te trek. Maak seker hulle wil luister," sê sy.

## Hoekom kultuur?

Al is sy lief vir sport ook, dink Catherine dis baie belangrik dat skole op kultuur fokus en nie net op sport nie. Sy glo aktiwiteite soos redenaars help jou om vaardighede te leer wat jy eendag in die hoërskool kan gebruik wanneer jy vir leierposisies staan, of selfs eendag as jy in die werkplek is.



## Nooit te klein nie

**Liliana Kirchner** in graad 2 is mal oor redenaars en sê die heel lekkerste deel van kultuur is daardie oomblik wanneer sy klaar gepraat het en almal vir haar hard hande klap. Dit laat haar sommer super trots voel.

As jy dalk 'n bietjie bang is om voor mense te praat, het Liliana **uitstekende raad**: "Gaan net op die verhoog en doen jou ding!" Sy sê jy moet onthou om asem te haal en dit net te geniet.



## Iets om oor te dink

Die kinderboekskrywer Jaco Jacobs het so 'n ruk terug op Facebook geskryf dat ouers hom gereeld vra om vir hul kinders toesprake te skryf. Sy antwoord is altyd **nee**.



Hy skryf nie eers sy eie twee dogters se toesprake nie. Hoekom? Want **hy glo jy leer meer deur jou eie navorsing te doen en menings te vorm,** as wanneer jy net soos 'n papegaai iemand anders se woorde opsê.

# Neon sokkie-sokkie pret
















**Isabella Verwey**

Die Valentynsdagsokkie het dalk al maande gelede plaasgevind, maar dit was 'n reusesukses waaroor daar nou nog gepraat word.

Funksies soos hierdie een gebeur nie sommer nie. Dit is immers 'n groot fondsinsamelingsprojek vir die graad 7's se geskenk aan die skool.

Juf. Tina Calitz en juf. Betsie Dietrechsen het die aand saam met 'n groep graad 7-ouers gereël.

Hulle het die saal in neon versier, daar was projektors met neon-animasieflitse. En die heel belangrikste van alles? Daar was goeie musiek! Mnr. Philip Voigt en mnr. Jaco de Kock was 'n bom-span, al is hulle vriendelik verplig om die aand te DJ. Gunsteling liedjies was "Bunny Chow", "Liefdegenerasie" en "Kaalvoet Sokkie". "Samsara" ook, en soos juf. Tina sê, dis altyd 'n wenner.

Die platejoggies het seker gemaak dat die dansvloer nooit leeg was nie. Al was daar nie 'n eerste prys vir die beste danser nie, was daar verseker 'n paar mededingers! Jack Bunce – ons hou ons oog op jou!

Almal het saamgespeel en was in neon aangetrek en versier volgens die aand se tema. Die snoepie was ook oop om seker te maak ons energie en hidrasievlakke bly by, en ja – om vir jou Valentyn 'n sjokolade te koop as jy regtig tot dan vergeet het.

Een ding is seker – oud en jonk het die sokkie geniet, die gees, die saam kuier.

Ons het net gehoor van mnr. Philip, Jaco en Dillan van Wyk se karaoke, so vir volgende jaar se graad 6'e en 7's, maak seker julle loop nie daai aksie mis nie!



**Is uitgaan in of... uit?**

'Hier is die resultate van 'n informele meningspeiling onder Louwtjie-leerders:

**Ja: 50%**
**Nee: 40%**
**Neutraal: 10%**

Al het die ja-stem gewen, was dit die leerders wat nee gestem het wat die sterkste opinies oor die saak gehad het. Die meeste het gesê uitgaan sorg vir hopeloos te veel drama en dit kos net te veel geld.

# Passievolle nuwe onnies nou deel van LLG-gesin

Daar het vanjaar 'n hele paar nuwe onderwysers by die personeel van Louwtjies aangesluit. **Catherine Ackroyd** en **Lila de Waal** het met hulle gesels.



**Mnr. Wynand Botha, Wiskunde (graad 6)**

**Wat het meneer die meeste verras toe meneer by Louwtjies begin werk het?**
"My vrou werk by Louwtjies, my kind is graad 1 by Louwtjies en my boeties was ook hier op skool. So nie veel verrassings nie."

**Hoekom is Louwtjies 'n lekker skool?**
"Dit is baie gebalanseerd. Daaglikse kombinasie van Wiskunde, drama en oorlewingstegnieke."



**Juf. Chezaan Gericke, Afrikaans (graad 4)**

**Wat maak Louwtjies uniek volgens juffrou?**
"Definitief hoe mooi die leerders met mekaar werk. Hulle leef volgens die LLEGO waardes en ondersteun mekaar waar hulle kan."

**Wat het juffrou die meeste verras toe juffrou hier by Louwtjies aangesluit het?**
"Hoe welkom almal my laat voel het, onderwysers en leerders."



**Juf. Tekara Fourie (graad 3)**

**Hoe sou juffrou die skool beskryf?**
"Baie oulike soet kinders en so 'n vriendelike gevoel!"

**Wat het juffrou die meeste geïnspireer toe juffrou by die skool aangesluit het?**
"Dat al die juffrouens dieselfde hoeveelheid werkies doen en so vriendelik is."



**Juf. Shani de Kok (graad 5)**

**Wat was die lekkerste deel sover van om by Louwtjies skool te hou?**
"Die ander manier van skoolhou wat die SKI-klas bied."

**As juffrou net een vak kon gee vir die res van juffrou se lewe, watter vak sou dit wees?**
"Kuns, want ek is mal daaroor om goed te maak. Ek was by my vorige skool vir nege jaar die kunsjuffrou en ek het elke jaar die dekor vir die revue gemaak."



**Juf. Daleen Massyn (graad 4)**

**Wat is die lekkerste deel daarvan om skool te hou?**
"Dit is vir my heerlik om elke dag die kinders in die klas te ontvang en om hulle te help. Ek *love* daai *lightbulb* oomblikke."

**As juffrou vir altyd net een vak kon gee vir die res van juffrou se lewe, watter vak sou dit wees?**
"Al die vakke! Ek is mos die SKI-klas juffrou en die res van my lewe is 'n bitter lang tyd vir net een vak!"



**Juf. Chantelle Botha (graad 5, Wiskunde)**

**Hoekom het juffrou besluit om 'n onderwyser te wees?**
"Want ek is ongelooflik lief vir kinders en wou kinders lief maak vir Wiskunde."

**Hoekom hou juffrou so baie van Wiskunde?**
"Ek het die beste onderwysers gehad wat nuuskierigheid vir die vakgebied by my gekweek het."



**Mnr. JJ Snyders (student)**

**Het meneer al 'n gunsteling klas?**
"Nee, ek hou daarvan om regverdig te wees."

**Wat het meneer die meeste verras toe meneer hier by Louwtjies begin het?**
"Hoe baie respek die kinders het."

Lees meer op bladsy 7

# Grappies

Lag bietjie saam met **Quwen du Plooy**, wat so 'n paar van sy gunsteling-grappies uit Jaco Jacobs se boeke *Die Groot Pretboek* en *101 Gogga Grappe* bymekaargemaak het.

**Vraag: Hoe weet jy aan watter kant van 'n wurm is sy kop?**
Antwoord: Vertel vir hom 'n grappie en kyk watter kant begin lag.



**Vraag: Wat gebeur as jy 'n ruspe kielie?**
Antwoord: Hy lag homself in 'n papie in.

**Vraag: Wat noem jy 'n vlieg sonder vlerke?**
Antwoord: 'n Loop.



**Vraag: Wat noem jy 'n geel hasie?**
Antwoord: Kasie

**Vraag: Wat noem jy 'n hasie wat in 'n tas wegkruip?**
Antwoord: bag-hasie



**Vraag: Wat noem jy 'n hasie in die Spur?**
Antwoord: 'n In-spur-hasie

**Vraag: Wat noem jy 'n hasie wat met 'n potlood geteken is?**
Antwoord: Illustr-hasie




**Vraag: Wat gebruik 'n slak om somme te doen?**
Antwoord: 'n Slak-rekenaar

**Vraag: Watter soort boek sal mens kry in die gogga biblioteek?**
Antwoord: 'n Insek-lop-edie

















Prentjies deur **Quwen du Plooy**



Juf. Deidré de Kock
(graad 3)

**Wat is juffrou se gunsteling deel van Louwtjies?**
"Die skool kultuur en die liefde en die gedrag van die kinders by die skool. Ek werk ook lekker saam met my kollegas."

**As juffrou net een vak kon gee vir die res van juffrou se lewe, watter vak sou dit wees?**
"Afrikaans. Ek het 'n groot liefde vir Afrikaans en al die kennis en woorde wat die vak bied."



Juf. Yolaine Burger
(graad 2)

**Hoekom het juffrou besluit om 'n onderwyser te wees?**
"Van kleins af droom ek al daarvan om 'n onderwyser te wees. Ek het onderwysers gehad wat 'n verskil in my lewe gemaak het en ek wil ook 'n verskil maak. Ek is baie lief vir kinders."

**Hoekom is Louwtjies 'n lekker skool?**
"Die mense... die snoepie. Alles is net lekker by Louwtjies."



Juf. Michaela du Plessis
(graad 3)

**Wat maak Louwtjies uniek volgens juffrou?**
"Die oulike kinders en goeie gees!"

**Wat is die lekkerste deel daarvan om skool te hou?**
"Om te sien hoe die kinders se gesigte ophelder as hulle nuwe werk verstaan."

## Menseregtedag!










## Valentynsdag!






## Onnie-tjommie!






## Mnr. B Verjaar!







## Interhuis-atletiek!







Rugby manne!
Prestasies!
Skaak
Koorkamp!
1ste dag van skool

# Kleur ons in!



YOU'VE GOT THIS



# 'Gee alles by die netbalproewe'

Die eerste netbalspan se hulpverdediger (HV), Heili Vorster, het bietjie saam met **Anya Pretorius** en **Catherine Ackroyd** gekuier om oor netbal te gesels.

**Hoe voel dit om in die eerste netbalspan te wees?**
"Ek is vreeslik bevoorreg om eerstespan netbal te speel, veral omdat daar net sewe spelers mag speel. Dis 'n voorreg om Louwtjies te verteenwoordig."

**Watter posisie sou jy speel as jy kon kies?**
"Ek sal steeds HV as my posisie kies. Ek hou van die baie hardloop en beweging en natuurlik om die balle te onderskep."




**Watter raad het jy vir iemand wat laat in haar laerskoolloopbaan eers begin het met netbal?**
"Om aan te hou om hard te werk selfs al is jy nie in die span waarin jy wil wees nie. En om terugvoer van jou afrigter te vat en te gebruik om 'n beter speler te word."




**Wat was vir jou die hoogtepunt van die netbaltoer na Ficksburg en Bloemfontein?**
"Die kos! Maar as dit oor netbal moet gaan, 100% die geleentheid om so baie wedstryde te speel en ons span op te bou."

**As jy een afrigter sou kies, wie sou dit wees en hoekom?**
Juf. Cherice Marais, want sy sien die potensiaal in spelers raak en help spelers om in hulself te glo."

**Wat was jou 'geheim' om vir die eerstespan gekies te word?**
"Ek het verlede jaar baie hard gewerk by die proewe en geluister na die terugvoer wat my juffrou my gegee het."

**Watter wenke het jy vir ander spelers oor die netbalproewe?**
"Jy het net 'n bepaalde tydperk om jouself te bewys, daarom moet jy voluit gaan en die basiese reëls ken en volg.
Jy moet ook die posisie kies waarin jy goed is, nie juis dié wat jy graag wil speel nie."

**Wat dink jy is die belangrikste dinge wat 'n netbalspan goed laat saamwerk?**
"Die spanwerk, kommunikasie en om mekaar op te bou en positief te bly."

# Uit die kunsklas








# Spanwerk en vriendskap maak rugby pret

**Isabella Verwey**

Die rugbyseisoen het hierdie jaar vroeg begin – proewe was al in Januarie en dinge het net spoed gevang van toe af. Spelers het aan die Superreeks deelgeneem en voorberei vir die eerstespantoer wat aan die einde van Maart in die Vrystaat plaasgevind het.

Ligawedstryde het in die tweede kwartaal plaasgevind. Ek het in April met **Reuben de Jager**, die eerstespan se agtsteman, gesels om meer uit te vind oor sy persoonlike rugby-reis en die span s'n.

**Wanneer het jy begin rugby speel en hoekom geniet jy dit?**

"Ek was nog klein, so vier, vyf jaar oud. Dit is lekker vir my om saam met my maats sport te speel."

**Watter rugbyspeler inspireer jou?**

"Pieter-Steph du Toit, want ten spyte van 'n besering wat hom amper sy loopbaan en lewe gekos het, het sy vasberadenheid beteken hy was al twee keer Wêreld Rugbyspeler van die Jaar en ook Speler van die Wedstryd tydens die 2023 Wêreldbekerfinaal ."

**Wie is jou nommer een ondersteuner?**

"My pa, hy is daar vir elke wedstryd."



**Wat is jou grootste rugby-droom?**

"Om eendag vir 'n Franse klub rugby te speel want daar speel spelers van regoor die wêreld, en dit sal lekker wees om saam met hulle te speel. Dis die hardste klubrugby in die wêreld." (*Klink vir my dit is dalk tyd dat jy begin "parlez-vous"!*)

***Hoe is die eerstespan se seisoen sover?***

"Baie goed, ons het sover nege wedstryde gespeel, ses gewen, twee verloor en een gelykop gespeel."

**Wat is julle grootste uitdaging?**

"Ons werk nog daaraan om beter saam te speel, en dan is dit moeilik as almal nie by elke oefening kan wees nie, soos wanneer iemand siek of beseer is, of 'n ander aktiwiteit het."





**Watter wedstryd het sover die meeste uitgestaan en hoekom?**

"Die eerste een! Dit was die eerste wedstryd van die laaste jaar wat ons saam as laerskool maats speel."

**Was daar 'n wedstryd waar spanwerk 'n groot verskil gemaak het?**

"Dit werk as ons nie suinig met die bal is nie, soos die wedstryd wat ons 63-7 gewen het."

**"Ons is almal vriende. Ons help mekaar om beter te speel."**

**Dit klink na 'n spesiale span?**

"Ja, ons is almal vriende, hou van mekaar, baklei nie en ons help mekaar om beter te speel."

**Wat wil julle hierdie seisoen bereik?**

"Ons beste gee en die liga wen."

Het die span liedjies waarna julle saam luister?

"Adult Swim en Zamalek – dit motiveer ons en gee ons 'n *adrenaline rush*."



# Laduma! WB wink vir Luca

Luca Human-Mare, in graad 5, gaan Suid-Afrika in Junie by die Fifa-Wêreldbekersokkertoernooi in Amerika verteenwoordig.

Hy is gekies as een van 104 kinders van regoor die wêreld om 'n Kia Kickoff Kid te wees by die toernooi. Boonop is hy die enigste kind uit Suid-Afrika wat vir hierdie wonderlike geleentheid gekies is. Luca is mal oor sokker en is 'n speler by die Stars of Africa Football Academy.



"Daar was 'n kompetisie vir Kia Kickoff Kid waar jy jou talent en jou passie vir sokker moes wys.

Ek het omtrent 60 video's op TikTok gepost om in te skryf," sê Luca.

Hy gaan op 18 Junie die baldraer wees tydens Bafana Bafana se eerste wedstryd in die toernooi, wat in Atlanta plaasvind.

Ons sal met hom gesels na die ervaring.